BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c — Dinsdag 30 Mei 1978 — WINDHOEK — Tuesday 30 May 1978 — No. 3757

INHOUD: Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. AG. 20 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, (S W A) — Pryse van Fabriekskaas — Suidwes-Afrika — Wysiging ........... 1

No. AG. 21 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, (S W A) — Pryse van Fabrieksmelk — Suidwes-Afrika — Wysiging ........... 3

No. AG. 22 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, (S W A) — Pryse van Fabrieksroom — Wysiging ........... 3

No. AG. 23 Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, (S W A) — Pryse van Fabrieksbotter — Wysiging ........... 4

CONTENTS: Page

GOVERNMENT NOTICES:

No. AG. 20 Dairy Industry Control Board, (S W A) — Prices of Factory Cheese — South West Africa — Amendment ........... 1

No. AG. 21 Dairy Industry Control Board, (S W A) — Prices of Factory Milk — South West Africa — Amendment ........... 3

No. AG. 22 Dairy Industry Control Board, (S W A) — Prices of Factory Cream — South West Africa — Amendment ........... 3

No. AG. 23 Dairy Industry Control Board, (S W A) — Prices of Factory Butter — Amendment ........... 4

## Goewermentskennisgewings

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED VAN SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 20 — 1978

### RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID, (SUIDWES-AFRIKA) — PRYSE VAN FABRIEKSKAAS — SUIDWES-AFRIKA (WYSIGING)

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), word hierby bekend gemaak dat die Raad van Beheer oor die

## Government Notices

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 20 — 1978

### DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD, (SWA)— PRICES OF FACTORY CHEESE — SOUTH WEST AFRICA (AMENDMENT)

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board established under section 2 of the

Suiwelnywerheid, ingestel kragtens artikel 2 van genoemde Ordonnansie, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie met die goedkeuring van die Administrateur-generaal en met ingang van 1 Junie 1978, die pryse van fabriekskaas in Suidwes-Afrika bepaal het soos in die Bylae hiervan uiteengesit, ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing R1144 van 24 Junie 1977 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Geen fabriekskaasvervaardiger mag fabriekskaas van die Cheddar- en Gouda-tipes van enige graad verkoop teen 'n ander prys as die vaste pryse hieronder aangedui vir die betrokke graad nie:—

(a) Eerste graad .................. 201c per kg
(b) Tweede graad .................. 198c per kg
(c) Derde graad .................. 194c per kg

met dien verstande dat:—

(i) in die geval van heel ongesnyde kase van die Gouda-tipe wat minder as een kilogram elk weeg 'n bedrag van 24c per kilogram by die genoemde prys gevoeg mag word;

(ii) in die geval van Cheddarkaas wat deur die vervaardiger spesiaal rypgemaak en met rooi was bedek is, 'n bedrag van 22c per kg by die genoemde pryse gevoeg mag word;

(iii) in die geval van Cheddarkaas wat deur die vervaardiger spesiaal rypgemaak en nie met rooi was bedek is nie, 'n bedrag van 18c per kg by die genoemde pryse gevoeg mag word.

3. Behoudens die bepalings van klousule 2, mag niemand fabriekskaas van die Cheddar- en Gouda-tipes van enige graad verkoop teen 'n hoër prys as die maksimum prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie:—

(a) Eerste graad .................. 216c per kg
(b) Tweede graad .................. 213c per kg
(c) Derde graad .................. 209c per kg

Met dien verstande dat:—

(i) in die geval van heel ongesnyde kase van die Gouda-tipe wat minder as een kilogram elk weeg, 'n bedrag van 24c per kilogram by die genoemde pryse gevoeg mag word;

said Ordinance, has, under the powers vested in it by section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1 June 1978 determined the prices of factory cheese in South West Africa as set out in the Schedule hereto, in substitution of the prices published by Government Notice R1144 of 24 June 1977, which is hereby repealed with effect from the same date.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. No factory cheese manufacturer shall sell factory cheese of the Cheddar and Gouda types of any grade at a price other than the fixed price indicated hereunder for the grade concerned:—

(a) First grade .................. 201c per kg
(b) Second grade .................. 198c per kg
(c) Third grade .................. 194c per kg

Provided that:—

(i) in the case of whole uncut cheeses of the Gouda type weighing less than one kilogram each an amount of 24c per kilogram may be added to the said prices;

(ii) in the case of Chaddar cheese specially matured by the manufacturer and covered in red wax, an amount of 22c per kilogram may be added to the said prices;

(iii) in the case of Cheddar cheese specially matured by the manufacturer which is not covered in red wax, an amount of 18c per kilogram may be added to the said prices.

3. Subject to the provisions of clause 2, no person shall sell factory cheese of the Cheddar and Gouda types of any grade at a price exceeding the maximum price indicated hereunder for the grade concerned:

(a) First grade .................. 216c per kg
(b) Second grade .................. 213c per kg
(c) Third grade .................. 209c per kg

Provided that:—

(i) in the case of whole uncut cheeses of the Gouda types weighing less than one kilogram each, an amount of 24c per kilogram may be added to the said prices;

(ii) in die geval van Cheddarkaas wat deur die vervaardiger spesiaal rypgemaak is, geen maksimum pryse van toepassing is nie;

(iii) op enige plek buiten Otjiwarongo, Walvisbaai en Windhoek die werklike vervoerkoste per spoor en/of padmotordiens vanaf die naaste groothandelsverskaffer by die genoemde prys gevoeg mag word.

No. AG. 21 1978

RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID (SWA), — PRYSE VAN FABRIEKSMELK — SUIDWES-AFRIKA (WYSIGING)

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), word hierby bekendgemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, ingestel kragtens artikel 2 van genoemde Ordonnansie, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal en met ingang van 1 Junie 1978, die pryse van fabrieksmelk in Suidwes-Afrika, bepaal het soos in die Bylae hiervan uiteengesit, ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing R1276 van 27 Junie 1975 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Niemand mag fabrieksmelk verkoop of aankoop teen 'n ander prys as die volgende vaste prys nie:—

502,5c per 100 kg fabrieksmelk, plus 185c/kg bottervet in sodanige melk.

No. AG. 22 1978

RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID, (SWA), — PRYSE VAN FABRIEKSROOM — SUIDWES-AFRIKA — WYSIGING

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), word hierby bekendgemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, ingestel kragtens artikel 2 van genoemde Ordonnansie, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie, met die

(ii) in the case of Cheddar cheese specially matured by the manufacturer, no maximum prices shall apply;

(iii) at any place other than Otjiwarongo, Walvis Bay and Windhoek the actual transport costs by rail and/or motor transport from the nearest wholesale supplier may be added to the said price.

No. AG. 21 1978

DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD, (SWA)— PRICES OF FACTORY MILK — SOUTH WEST AFRICA (AMENDMENT)

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board, established under section 2 of the said Ordinance, has, under the powers vested in it by section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1st June 1978, determined the prices of factory milk in South West Africa as set out in the Schedule hereto, in substitution of the prices published by Government Notice No. R1276 of 27 June 1975, which is hereby repealed with effect from the same date.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. No person shall sell or purchase factory milk at a price other than the following fixed price:—

502,5c per 100 kg of factory milk, plus 185c per kg butterfat contained in such milk.

No. AG. 22 1978

DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD, (SWA)— PRICES OF FACTORY CREAM — SOUTH WEST AFRICA — AMENDMENT

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962), it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board, established under section 2 of the said Ordinance, has, under the powers vested in it by section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1 June

goedkeuring van die Administrateur-generaal en met ingang van 1 Junie 1978, die pryse van fabrieksroom in Suidwes-Afrika, bepaal het soos in die bylae hiervan uiteengesit, ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing R1266 van 27 Junie 1975, wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

2. Niemand mag fabrieksroom van enige graad verkoop of aankoop teen 'n ander prys as die prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie:—

(a) Keurgraad: 185c/kg bottervet in sodanige room.

(b) Tafelgraad: 157c/kg bottervet in sodanige room.

(c) Huisgraad: 151c/kg bottervet in sodanige room.

1978, determined the prices of factory cream in South West Africa, as set out in the schedule hereto, in substitution of the prices published by Government Notice No. R1266 of 27 June 1975, which is hereby repealed with effect from the same date.

SCHEDULE

†. In this notice, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. No person shall sell or purchase factory cream of any grade at a price other than the fixed price indicated hereunder for the grade concerned:—

(a) Choice Grade: 185c per kg butterfat contained in such cream.

(b) Table Grade: 179c per kg butterfat contained in such cream.

(c) Household Grade: 173c per kg butterfat contained in such cream.

No. AG. 23 1978

RAAD VAN BEHEER OOR DIE SUIWELNYWERHEID, (SUIDWES-AFRIKA) —PRYSE VAN FABRIEKSBOTTER — SUIDWES-AFRIKA — WYSIGING

Ingevolge die bepalings van artikel 12(3) van die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), word hierby bekendgemaak dat die Raad van Beheer oor die Suiwelnywerheid, ingestel kragtens artikel 2 van genoemde Ordonnansie, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 10(c) van genoemde Ordonnansie, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal en met ingang 1 Junie 1978 die pryse van fabrieksbotter in Suidwes-Afrika bepaal het soos in die bylae hiervan uiteengesit, ter vervanging van die pryse afgekondig by Goewermentskennisgewing R1145 van 24 Junie 1977 wat hierby met ingang van dieselfde datum herroep word.

BYLAE

1. In hierdie kennisgewing, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n woord of uitdrukking waaraan die Ordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid (SWA), 1962 (No. 29 van 1962), 'n betekenis geheg is, 'n ooreenstemmende betekenis.

No. AG. 23 1978

DAIRY INDUSTRY CONTROL BOARD, (SWA)— PRICES OF CREAMERY BUTTER — SOUTH WEST AFRICA — AMENDMENT

In terms of the provisions of section 12(3) of the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962) it is hereby made known that the Dairy Industry Control Board, established under section 2 of the said Ordinance, has, under the powers vested in it by section 10(c) of the said Ordinance, with the approval of the Administrator-General and with effect from 1 June 1978, determined the prices of creamery butter in South West Africa, as set out in the schedule hereto, in substitution of the prices published by Government Notice R1145 of 24 June 1977, which is hereby repealed with effect from the same date.

SCHEDULE

1. In this notice, unless inconsistent with the context, a word or expression to which a meaning has been assigned in the Dairy Industry Control Ordinance (SWA), 1962 (No. 29 of 1962), shall have a corresponding meaning.

2. Geen fabrieksbottervervaardiger mag fabrieksbotter van enige graad verkoop teen 'n ander prys as die vaste prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie:

(a) Keurgraad .................. 187c per kg
(b) Tafelgraad .................. 181c per kg
(c) Huisgraad .................. 175c per kg

Met dien verstande dat fabrieksbotter wat deur die vervaardiger daarvan onder die geregistreerde handelsmerk "Erica" verpak is, in pakkies wat 50 gram en 100 gram netto van sodanige botter bevat, nie teen 'n ander prys as die vaste prys van onderskeidelik 206c en 197c per kg verkoop mag word nie.

3. Behoudens die bepalings van klousule 2, mag niemand fabrieksbotter van enige graad verkoop teen 'n hoër prys as die maksimum prys hieronder aangedui vir die betrokke graad nie:

(a) Keurgraad .................. 196c per kg
(b) Tafelgraad .................. 190c per kg
(c) Huisgraad .................. 184c per kg

Met dien verstande dat —

(i) fabrieksbotter wat deur die vervaardiger daarvan onder die geregistreerde handelsmerk "Erica" verpak is in pakkies wat 50 gram en 100 gram netto van sodanige botter bevat, nie teen 'n hoër prys as onderskeidelik 11c en 21c per pakkie verkoop mag word nie.

(ii) op enige plek behalwe Gobabis, Otjiwarongo, Uchab, Walvisbaai en Windhoek die werklike vervoerkoste per spoor en/of padmotordiens vanaf die naaste groothandelsverskaffer by die genoemde prys gevoeg mag word.

2. No creamery butter manufacturer shall sell creamery butter of any grade at a price other than the fixed price indicated hereunder for the grade concerned:

(a) Choice Grade ............... 187c per kg
(b) Table Grade ................ 181c per kg
(c) Household Grade ............. 175c per kg

Provided that creamery butter bearing the registered trade mark "Erica" packed by the manufacturer thereof in packets containing 50 gram and 100 gram net of such butter, shall not be sold at any other price than the fixed price of 206c and 197c per kg, respectively.

3. Subject to the provisions of clause 2, no person shall sell creamery butter of any grade at a price exceeding the price indicated hereunder for the grade concerned:

(a) Choice Grade ............... 196c per kg
(b) Table Grade ................ 190c per kg
(c) Household Grade ............. 184c per kg

Provided that —

(i) creamery butter bearing the registered trade mark "Erica" packed by the manufacturer thereof in packets containing 50 gram and 100 gram net of such butter, shall not be sold at a price above 11c and 21c per packet, respectively.

(ii) at any place other than Gobabis, Otjiwarongo, Uchab, Walvis Bay and Windhoek the actual transport costs by rail and or motor transport from the nearest wholesale supplier may be added to the said price.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.